RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2013

PSG GROEP BEPERK

SOM-VAN-DIE-DELE-WAARDE styg met **30%** tot **R72,67** per aandeel teen 28 Februarie 2013
HERHALENDE WESENSVERDIENSTE styg met **27,1%** tot **392,3** sent per aandeel
TOESKRYFBARE VERDIENSTE van **R1,1mjd**
DIVIDEND VIR DIE JAAR styg met **35,4%** tot **111** sent per aandeel

KOMMENTAAR

PSG Groep Bpk (PSG), wat in November 1995 gestig is, is trots om 'n Nuwe Suid-Afrika maatskappy te wees. Vandag is PSG 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat in verskeie industrieë bedrywig is – insluitend finansiële dienste, bankwese, privaat ekwiteit, landbou en onderwys. PSG se markkapitalisasie is ongeveer R11,7mjd, en sy grootste belegging is 'n belang van 28,5% in Capitec.

PRESTASIE

Ons is van mening dat prestasie nie aan die grootte van 'n maatskappy gemeet moet word nie, maar eerder aan die opbrengs wat 'n belegger oor 'n tydperk ontvang. Aangesien ons almal aandeelhouers in PSG is, verkies ons om op welvaartskepping *per aandeel* te fokus. Ons strewe is dus steeds om voortdurend welvaart vir alle belanghebbers te skep.

Wanneer PSG se prestasie oor die *lang termyn* geëvalueer word, is die *indeks van totale opbrengste (ITO)* 'n handige maatstaf. Die ITO is die *saamgestelde jaarlikse groeikoers (SJGK)* van 'n belegging, en word bereken met inagneming van aandeelprysgroei, dividende en ander uitkerings. Dit is 'n betroubare maatstaf van welvaartskepping en vir die vergelyking van verskillende maatskappye. PSG se ITO is 51,4%, die hoogste van enige JSE-genoteerde maatskappy oor die afgelope 17 jaar sedert PSG se ontstaan. In *The Sunday Times Top 100 Companies 2012* se ontleding op grond van ITO, was PSG in die tweede plek oor 10 jaar en 17de oor vyf jaar. Capitec was in die eerste plek oor albei metingstydperke – 'n prestasie wat waarskynlik nie maklik herhaal sal word nie.

Wanneer PSG se prestasie oor die *kort tot medium termyn* geëvalueer word, fokus ons op die groei in PSG se *som-van-die-dele (SVDD)-waarde* per aandeel en *herhalende wesensverdienste* per aandeel. Die geskiedenis bevestig dat PSG se aandeelprys sy *SVDD-waarde* per aandeel volg. Positiewe groei in PSG se *SVDD-waarde* per aandeel lei dus noodwendig tot aandeelprysgroei. 'n Styging in PSG se *SVDD-waarde* per aandeel oor die lang termyn verg egter volgehoue groei in die winsgewendheid van ons onderliggende beleggings. Daarom gebruik PSG die konsep van *herhalende wesensverdienste* per aandeel om aan bestuur en beleggers 'n meer realistiese en deursigtige manier te gee om PSG se verdienseprestasie te beoordeel.

RESULTATE

PSG het 'n suksesvolle finansiële jaar tot 28 Februarie 2013 gehad, met sterk groei in beide sy *SVDD-waarde* per aandeel en *herhalende wesensverdienste* per aandeel.

SVDD

Die berekening van die *SVDD-waarde* is eenvoudig en vereis beperkte subjektiwiteit, aangesien ongeveer 81% van die waarde bereken word deur genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl die ongenoteerde beleggings met behulp van markverwante veelvoude gewaardeer word. Op 28 Februarie 2013 was die *SVDD-waarde* per PSG-aandeel R72,67 (29 Feb 2012: R55,92), wat gelyk is aan 'n SJGK van 40% oor die afgelope drie jaar. Op 11 April 2013 was die *SVDD-waarde* R78,60 per aandeel.

Bate/Las	28 Feb 2010 Rm	28 Feb 2011 Rm	29 Feb 2012 Rm	**28 Feb 2013 Rm**	% van totaal
Capitec*	2 367	5 138	5 978	**6 128**	38,7
Curro Holdings*			1 118	**2 607**	16,4
PSG Konsult**	948	1 206	1 483	**2 237**	14,1
Zeder*	742	1 069	1 067	**1 412**	8,9
PSG Private Equity†	834	1 242	728	**681**	4,3
Thembeka Capital†			570	**899**	5,7
PSG Corporate *(PSG Capital ingesluit)*††	361	350	338	**383**	2,4
Ander beleggings *(kontant ingesluit)*††	400	548	684	**1 505**	9,5
Totale bates	5 652	9 553	11 966	**15 852**	100,0
Ewigdurende voorkeuraandeel-befondsing*	(541)	(1 028)	(1 188)	**(1 163)**	
Ander skuld††	(539)	(507)	(463)	**(845)**	
Totale SVDD-waarde	4 572	8 018	10 315	**13 844**	
Aantal uitgereikte aandele *(netto van tesourie-aandele)* (m)	171,8	171,3	184,5	**190,5**	
SVDD-waarde per aandeel (rand)	26,61	46,81	55,92	**72,67**	
Netto batewaarde per aandeel (rand)	17,66	21,56	26,50	**32,62**	

** Genoteer op die JSE Bpk* *** Oor-die-toonbank* *† SVDD-waarde* *†† Waardasie*

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

Herhalende wesensverdienste	Jaar geëindig 28 Feb 2011 Rm	*Verandering %*	Jaar geëindig 29 Feb 2012 Rm	*Verandering %*	**Jaar geëindig 28 Feb 2013 Rm**
Capitec	223,0	*63*	362,4	*38*	**499,9**
Curro Holdings	1,9	*n/a*	(5,2)	*n/a*	**8,1**
PSG Konsult	93,9	*15*	107,9	*10*	**118,8**
Zeder	109,4	*5*	115,4	*(8)*	**106,6**
PSG Private Equity	36,5	*(12)*	32,0	*134*	**75,0**
Thembeka Capital	8,5	*120*	18,7	*50*	**28,0**
PSG Corporate *(PSG Capital ingesluit)*	21,0	*(3)*	20,4	*(22)*	**15,9**
Ander	19,0	*2*	19,3	*60*	**30,8**
Herhalende wesensverdienste voor befondsing	513,2	*31*	670,9	*32*	**883,1**
Befondsing	(109,1)	*23*	(134,4)	*25*	**(168,2)**
Herhalende wesensverdienste	404,1	*33*	536,5	*33*	**714,9**
Nie-herhalende items	108,3	*(72)*	30,6	*423*	**160,1**
Wesensverdienste	512,4	*11*	567,1	*54*	**875,0**
Nie-wesensitems	196,0	*(31)*	135,9	*95*	**264,8**
Toeskryfbare verdienste	708,4	*(1)*	703,0	*62*	**1 139,8**
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele *(netto van tesourie-aandele)* (m)	167,1		173,9		**182,2**
Verdienste per aandeel (sent)					
– Herhalende wesens-	241,9	*28*	308,6	*27*	**392,3**
– Wesens-	306,7	*6*	326,2	*47*	**480,2**
– Toeskryfbare	424,1	*(5)*	404,4	*55*	**625,5**
Dividend per aandeel (sent)	67,0	*22*	82,0	*35*	**111,0**

Herhalende wesensverdienste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013 het met 27,1% tot 392,3 sent per aandeel gestyg. Die groei was (weer) hoofsaaklik toeskryfbaar aan Capitec se merkwaardige prestasie, terwyl die meeste van die ander beleggings ook beter verdienste gerapporteer het.

Wesensverdienste het met 47,2% tot 480,2 sent per aandeel gestyg. Die styging in *nie-herhalende wesensverdienste* was hoofsaaklik toeskryfbaar aan beduidende billikewaarde-winste wat in Thembeka se portefeulje van genoteerde aandele behaal is gedurende die afgelope finansiële jaar.

Toeskryfbare verdienste het met 54,7% tot 625,5 sent per aandeel gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die *nie-wesenswins* met die verkoop van PSG se regte-aanbodaandele in Capitec en Zeder se verkoop van 'n 15,1%-belang in Capevin Holdings.

Bedryfswins voor finansieringskoste en belasting het met 60,3% tot R2mjd gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die voorvermelde beter prestasie van ons onderliggende beleggings en die *nie-wesenswins* op verkooptransaksies.

Hoewel ons minder op wesens- en toeskryfbare verdienste fokus as gevolg van voorgenoemde se onbestendigheid, is dit belangrik om daarop te let dat ons oor 'n tydperk van vyf jaar 'n kumulatiewe totale *herhalende wesensverdienste* van R2,3mjd, *wesensverdienste* van R2,5mjd en *toeskryfbare verdienste* van R3mjd gerapporteer het. Die feit dat beide wesens- en toeskryfbare verdienste aansienlik meer is as herhalende wesensverdienste, toon dat PSG waarde toegevoeg het danksy die feit dat hy deurgans beduidende *eenmalige* winste gemaak het.

CAPITEC

PSG bly trots op sy belegging in Capitec. Operasioneel het die maatskappy steeds besonder goed gevaar met 'n styging van 35% in wesensverdienste per aandeel vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013. Capitec het 'n SJGK van 42% in wesensverdienste per aandeel oor die afgelope 10 jaar behaal. Daar was die afgelope paar jaar heelwat negatiewe publisiteit oor die ongesekureerde kredietmark en ons is terdeë bewus dat daar vorentoe uitdagings vir die bedryf kan wees. Ons is egter vol vertroue dat Capitec goed geplaas is om enige uitdaging in die mark die hoof te bied. Dit is redelik maklik om die meeste spelers in hierdie mark te vergelyk en dit is vir ons gerusstellend dat, sover ons kennis strek, 1) Capitec die mees konserwatiewe voorsieningsbeleid het; 2) hul befondsingsbronne die veiligste en mees gediversifiseerd is; 3) Capitec goed gekapitaliseer is met 'n kapitaaltoereikendheidsverhouding van 41%; 4) hul bankmodel steeds 'n beduidende aantal nuwe gebonde, minder riskante kliënte lok; en dat 5) Capitec minder afhanklik raak van rente-inkomste terwyl dit voortdurend 'n skerp styging in transaksiefooi-inkomste ervaar. Maar vir PSG is die belangrikste dat 6) Capitec vandag heel moontlik die beste en mees gefokusde bestuurspan in die bedryf het.

Gedurende November 2012 het Capitec 'n regte-aanbod afgehandel waarin kontant van R2,2mjd verkry is. As die grootste aandeelhouer in Capitec, het PSG die regte-aanbod ondersteun om 'n suksesvolle kapitaalverkryging te verseker. As sodanig het PSG aan Capitec 'n onherroeplike onderneming ter waarde van R724m gegee dat hy sy deel van die regte-aanbod sou uitoefen. PSG het befondsing verkry om dit te kon doen en het sedertdien die grootste deel van sy regte-aanbodaandele in Capitec verkoop om die skuld wat hy ten opsigte daarvan verkry het terug te betaal. PSG se aandeelhouding in Capitec het gevolglik van 32,2% tot 28,5% afgeneem. PSG het 'n *nie-wesenswins* van R393m met die verkoop van hierdie aandele gerealiseer.

Capitec is steeds die groep se uitblinker met 'n bydrae van 56,6% tot *herhalende wesensverdienste* voor befondsing, en verteenwoordig 38,7% van die bates in die groep. As 'n beleggingsmaatskappy is dit juis die feit dat ons ons wenners kan behou wat ons van die normale fondsbestuursbedryf onderskei. Ons bly positief oor Capitec, sy besigheid en sy bestuur en ons glo die belegging sal vir nog baie jare 'n beduidende bydrae tot PSG se toekomstige sukses lewer.

Capitec se omvattende resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013 is beskikbaar by *www.capitecbank.co.za*.

ANDER BELEGGINGS

Verdere besonderhede oor die jongste jaareindresultate van die onderliggende beleggings is op die volgende webwerwe beskikbaar:

– Curro Holdings: ***www.curro.co.za***
– PSG Konsult: ***www.psg.co.za***
– Zeder: ***www.zeder.co.za***
– Thembeka Capital: ***www.thembekacapital.co.za***

DIE KERN VAN PSG

PSG, Zeder en PSG Private Equity ("Private Equity") se Uitvoerende Komitees ("Exco") vergader elke twee weke, of wanneer dit ook al nodig is, om die prestasie van die onderliggende ondernemings te bespreek en strategiese insette te lewer, die jongste inligting te verkry oor transaksies wat in proses is, en die kapitaalvereistes, finansiering en likiditeit van die groep te monitor en te bestuur. Ons hou egter twee keer per jaar 'n wegbreeksessie om gesamentlik weer na die strategie vir die groep te kyk en, indien nodig, te hersien of 'n hersiene strategie te bepaal vir enige van die onderliggende maatskappye waar ons strategiese waarde kan toevoeg. In die verlede het ons baie spesifieke strategieë gekommunikeer, wat *Projek Ontsluit Waarde* en *Projek Groei* ingesluit het.

Ons jongste strategie, soos goedgekeur deur PSG se direksie in Februarie 2013, is ***Projek Interne Fokus.***

PROJEK INTERNE FOKUS

PSG was nog altyd 'n maatskappy wat aktief transaksies gedoen het. Vandag het PSG 'n aansienlike portefeulje van 36 beleggings met 'n gesamentlike markkapitalisasie van sowat R80mjd, met meer as 40 000 mense in diens. Sommige gevestigde ondernemings soos Capitec verg min aandag van PSG se bestuur. Maatskappye in 'n ontwikkelingsfase – soos Curro, Impak, Energy Partners en Chayton – het die potensiaal om in die toekoms beduidende verdienste te lewer, maar verg egter meer aktiewe betrokkenheid van PSG se kant. Dan is daar ondernemings waarvan die strategie tans hersien word en waar PSG 'n rol speel. Ons is van mening dat PSG se beleggingsportefeulje baie potensiaal het, en dat maksimum waarde ontsluit sal word deur aktiewe betrokkenheid van PSG se kant.

Projek Interne Fokus gaan dus oor die ontwikkeling van strategie binne die portefeulje en om die suksesvolle implementering daarvan te verseker. PSG sal hierdie maatskappye help om beide organies en by wyse van geskikte verkrygings- en/of samesmeltingsgeleenthede uit te brei. Ideaal gesproke, wil PSG minder maar groter beleggings hê. Ons sal dus in die komende jaar hoofsaaklik fokus op die optimisering, verfyning en groei van PSG se bestaande portefeulje, in plaas van nuwe verkrygings. Dit beteken egter nie (getrou aan ons entrepreneursgees) dat ons 'n aantreklike beleggingsgeleentheid sal ignoreer nie.

Projek Interne Fokus in aksie

Hoewel ons maar eers onlangs formeel gestalte gegee het aan hierdie strategie, het ons reeds 'n geruime tyd gelede daarmee begin.

Groter belange, groter beheer

Zeder het in die verlede slegs nie-beherende strategiese belange in ondernemings verkry. Gedurende die afgelope finansiële jaar het Zeder egter beherende belange in beide Agricol en Chayton verkry. Verder is Zeder tans besig om bykomende aandele in Kaap Agri te verkry, met die doel om 'n meer beduidende belang in dié maatskappy te bekom.

Zeder het Antonie Jacobs as Agricol se uitvoerende voorsitter aangestel. Sy vernaamste verantwoordelikheid is om die besigheid uit te brei. Zeder is nou in beheer van die operasionele bedrywighede van Chayton, met Willem Meyer as waarnemende uitvoerende hoof. Insgelyks het die Private Equity-span beheer verkry oor Impak en 'n splinternuwe bestuurspan ingebring om die besigheid uit te brei.

Herstrukturerings/disinvesterings

Wanneer 'n belegging nie volgens verwagting presteer nie, of nie by ons omskrewe strategie inpas nie, moet dit hersien word en kan dit tot 'n herstrukturering of disinvestering lei. Ons het nie tydsbeperkings om uit beleggings te onttrek nie en sal dit meestal in samewerking met ander aandeelhouers doen.

Ons het die afgelope finansiële jaar M&S (Top Fix) herstruktureer deur sy verliesmakende steierwerk-afdeling by wyse van 'n aandeleterugkoop te verkoop. Sy aandeelprys het sedertdien met meer as 170% tot 89 sent per aandeel gestyg. Ons kon nie 'n meer beduidende invloed in Petmin verkry nie en het gevolglik besluit om ons belegging vir R158m te verkoop (interne opbrengskoers van 16%). Zeder het 'n groot rol gespeel in die samesmelting van Capevin Holdings/Investments en in die proses beduidende waarde vir aandeelhouers van Capevin Holdings geskep. Zeder het daarna die grootste deel van hierdie belegging verkoop omrede dit 'n nie-kernbate geword het, en 'n *nie-wesenswins* van R441m gerealiseer. Die interne opbrengskoers van die KWV/Capevin belegging was 19% oor 'n sewe-jaartydperk.

Bestuursveranderings

Ons het gedurende die jaar onder oorsig opvolger uitvoerende hoofde by van ons groter beleggings aangestel, of was deel van die aanstellingsproses. Norman Celliers (Zeder), Francois Gouws (PSG Konsult) en Phil Roux (Pioneer Voedsel) is almal nuwelinge in ons groep. Ons verwelkom hulle en wens hulle alles van die beste toe met hul take.

Ons sê dankie aan Willem Theron (PSG Konsult) en André Hanekom (Pioneer Voedsel) vir die wyse waarop hulle hul onderskeie ondernemings opgebou het, en vir die stewige platform wat hulle geskep het waarop die nuwelinge kan voortbou.

Curro Holdings

Curro versinnebeeld *Projek Interne Fokus*. Sedert PSG aanvanklik in Junie 2009 'n beherende belang verkry het, het ons heelwat tyd bestee om Curro te help om sy volle potensiaal te bereik. Bernardt van der Linde, wat op daardie tydstip vir PSG gewerk het, is sedertdien as voltydse finansiële hoof van Curro aangestel. Piet Mouton het ook sedert die begin van vanjaar by Curro se Exco aangesluit.

Curro is ongetwyfeld die mees suksesvolle onderneming waarin Private Equity die afgelope paar jaar belê het. Curro se onwrikbare fokus op groei – beide organies en deur verkrygings – begin vrugte afwerp. Sedert PSG by Curro betrokke geraak het, het die aantal skole van drie tot 26 uitgebrei en leerders van 2 059 tot 20 840, en die onderneming is op die JSE Bpk genoteer. Dit het 'n volgehoue stroom nuwe geleenthede en die onlangse verkryging van Northern Academy gee vir Curro toegang tot 'n lae skoolgeld-model wat in die toekoms 'n beduidende invloed op die onderneming kan hê. 'n Plan is geformuleer om 80 skole teen 2020 te hê!

Ons strategie om aktief met bestuur saam te werk, het geblyk suksesvol te wees in Curro se geval. Ons glo dat ons met die toepassing van dieselfde strategie van groter interne fokus op ander beleggings in PSG se portefeulje waarskynlik verdere sukses sal behaal.

'N SEB SUKSESVERHAAL

As 'n Nuwe Suid-Afrika maatskappy ondersteun PSG die beginsel van welvaartskepping vir voorheen benadeeldes. Thembeka Capital, wat onder swart beheer is en waarvan 51% in swartbesit is, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Onder die leierskap van KK Combi het sy intrinsieke waarde vanaf R1 000 in 2006 tot R1,9mjd toegeneem. Waarde van meer as R900m is dus vir sy swart aandeelhouers geskep.

AANDEELHOUDING

Die direksie besit ongeveer 37% van PSG. Steinhoff is ons grootste korporatiewe aandeelhouer met 'n belang van 20%. Ons is ook trots om 'n lojale aandeelhouerbasis te hê van persone wat steeds in PSG belê is en 'n voortreflike opbrengs ontvang het.

VOORUITSIGTE

PSG is bedrywig in verskeie uiteenlopende industrieë waarvan die prestasie nie altyd korreleer nie. Hoewel dit moeilik is om die toekoms te voorspel, bly ons optimisties en oortuig dat ons strategie sal aanhou voortreflike opbrengste vir aandeelhouers lewer.

DIVIDENDE

Gewone aandele

PSG se beleid is steeds om tot 100% van vrye kontantvloei as 'n gewone dividend te betaal, waarvan een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteure het besluit om 'n finale bruto dividend van 78 sent (2012: 56 sent) per aandeel te verklaar, wat die totale dividend vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2013 op 111 sent (2012: 82 sent) te staan bring, 35,4% hoër as die vorige jaar.

Die maatskappy sal sekondêre belasting op maatskappy-krediete ten bedrae van 78 sent per gewone aandeel gebruik, met die gevolg dat geen dividendweerhoubelasting vanaf hierdie dividend vir enige PSG-aandeelhouer afgetrek sal word nie. Die aantal gewone uitgereikte aandele op die verklaringsdatum is 208 081 893, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums van hierdie dividenduitkering is:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Vrydag, 3 Mei 2013
Verhandeling sonder dividend begin	Maandag, 6 Mei 2013
Rekorddatum	Vrydag, 10 Mei 2013
Betaaldatum	Maandag, 13 Mei 2013

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 6 Mei 2013, en Vrydag, 10 Mei 2013, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of geregmaterialiseer word nie.

Voorkeuraandele

Die direksie van PSG Financial Services Bpk het 'n dividend van 351,24 sent per aandeel ten opsigte van die kumulatiewe, nie-aflosbare, nie-winsdelende voorkeuraandele verklaar vir die ses maande geëindig 28 Februarie 2013, welke dividend op 25 Maart 2013 betaal is. Die volledige aankondiging hieroor is op Sekuriteitebeurs-nuusdiens (SENS) vrygestel.

NAGESIENE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting van die volledige aankondiging wat op Maandag, 15 April 2013, op SENS vrygestel is, en is die verantwoordelikheid van die direksie. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by *www.psggroup.co.za* of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die maatskappy se geregistreerde kantoor. Enige beleggingsbesluite deur beleggers en/of aandeelhouers moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Namens die direksie

Jannie Mouton
Voorsitter

Wynand Greeff
Finansiële direkteur

15 April 2013
Stellenbosch

Hierdie resultate is beskikbaar op ons webwerf by ***www.psggroup.co.za***

PSG GROEP BEPERK
Registrasienommer 1970/008484/06 JSE-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017
PSG FINANCIAL SERVICES BEPERK
Registrasienommer 1919/000478/06 JSE-aandelekode: PGFP ISIN-kode: ZAE000096079

DIREKTEURE: JF Mouton (Voorsitter)+, PE Burton^, ZL Combi^, J de V du Toit^, MM du Toit^, FJ Gouws+, WL Greeff*, JA Holtzhausen*, MJ Jooste+ (Alt: AB la Grange), JJ Mouton+, PJ Mouton*, CA Otto^, W Theron+ **Uitvoerend +Nie-uitvoerend ^Onafhanklik nie-uitvoerend*
SEKRETARIS EN GEREGISTREERDE KANTOOR: PSG Corporate Services (Edms) Bpk, 1ste Verdieping, Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599
OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001; Posbus 61051, Marshalltown, 2107
BORG: PSG Capital
OUDITEUR: PricewaterhouseCoopers Geïnk.

GREYMATTER & FINCH # 7039